15. VLU KOMPETISIES

Koördineerder/Coordinator:	Elmien Els 082 889 5969
Inskrywingsfooi/Entry Fee:	R12.00 per inskrywing/entry
Pryse/Prizes:	R25.00 en/and R20.00

**Vertoonstukke sal tussen 08:00 en 08:30 op Vrydag 21 April 2017 in die Krieatiewe Handwerk saal ontvang word. / *Local exhibits recieved on Friday 21 April 2017 between 08:00 & 08:30.*

- **SLUITINGSDATUM vir inskrywings: Woensdag 29 Maart 2017.**
  CLOSING DATE for entries: Wednesday 29 March 2017.
- **Afhaal van artikels, Dinsdag 9 Mei 2017 vanaf 16:00 tot 18:00.**
  Collection of articles, Tuesday 9 May 2017 from 16:00 to 18:00.

• ALGEMENE INLIGTING / *GENERAL INFORMATION* •

- Alleenlik VLU-takke mag deelneem aan die kompetisies.
- Die naam van die tak, sowel as die name van die vertoners moet in al die kompetisies verstrek word om die toekenning van pryse aan individuele lede te vergemaklik.
- Die ledetal van elke tak moet duidelik op inskrywingsvorms aangetoon word vir Spesiale Pryse B1 en B2.
- Slegs een inskrywing per tak per klas.
- Artikels wat alreeds op die skou vertoon is, mag nie weer gebruik word nie.
- Elke artikel word individueel beoordeel.
- Elke tak is verantwoordelik vir die uitstal van hulle eie uitstalling na beoordeling van artikels.
- Geen kinders word in die saal toegelaat terwyl artikels uitgepak, beoordeel of uitgestal word nie.
- Blommerangskikkings in houers, ook bessies, vrugte en droë materiaal mag nie deel vorm van die uitstalling nie - kunsblomme word wel toegelaat.
- Ten minste 4 lede moet deelneem voordat 'n tak in aanmerking kom vir die spesiale pryse.
- 'n Beperkte hoeveelheid ornamente mag gebruik word om die uitstalling te verfraai, maar dit mag nie artikels oorheers nie.

* Needle Woman Wisseltrofee aan tak met die meeste punte.

* CTM Wilcocks Trofee aan die tak wat tweede meeste punte behaal.

* Wisseltrofee geskenk deur VLU Hospitaalpark aan die tak wat derde meeste punte behaal.

* Bloemskou Wisseltrofee aan die lid wat die meeste punte behaal.

* Bloemskou R100.00 Spesiale Prys aan VLU-tak, meer as 25 lede, vir die meeste punte behaal deur lede in al die VLU-afdelings.

* Bloemskou R50.00 Spesiale Prys aan VLU-tak met 25 en minder lede vir die meeste punte behaal in al die VLU-afdelings.

SKOU TEMA: KLEURMAL

1100 Borduurwerk - Tissue sakkie met 3 borduursteke.

1101 Masjienwerk - Kopmus vir volwasse dame. Draadkeuse: enige draad bv wol, katoen ens met dikte van dubbeldraad breiwol.

1101 Hekelwerk - Hangsak vir 3 toiletrolle.

1102 Breiwerk - Moulose trui met V-nek (pull over) vir kleuterseun van 4 - 7 jaar. Nie - kreatiewe- of motiefbreiwerk nie, maw gewone breiwerk met 'n mooi patroonsteek.

1103 Handvlyt - 'n Swart hardeblad notaboekie oorgetrek met sterk papier en versier met "scrapbooking" versierings, lint ens.

1104 Preservering - Gesnipperde geelperske konfyt in 500ml fles.

1105 Gebak - Karringmelkbeskuit, vertoon 6 stukkies. Eie resep en heg resep aan.